

Verbruikerstudie graad 10

Werkkaart bl. 245-246

MEMORANDUM



As jy na die prent hierbo kyk, beantwoord die vrae wat volg daarvoor.

1. Wat beteken die term 'entrepreneur', verduidelik dit volledig en gee 'n voorbeeld. (6)

- **Is iemand wat kennis en vaardighede (arbeid) met grondstowwe (hulpbronne) en inspirasie kan kombineer om 'n nuwe item wat waarde het, te skep en dan hierdie idee in 'n ekonomiese geleentheid te omskep.**
- **Entrepreneurs is dus ondernemende mense wat gewillig is om 'n kans te waag en 'n besigheid te begin.**
- **Voorbeeld: iemand wat 'n besigheid begin, 'n bakery en so hulle talente gebruik om te bak en dan die produkte te verkoop om 'n wins te maak.**

2. Benoem die vyf redes hoekom mense besluit om entrepreneurs te word. (10)

- **Hulle is werkloos en moet self werk skep.**
- **Hulle moet inkomste genereer.**
- **Hulle is passievol oor hul produk of besigheid en is oortuig dat die produk sal verkoop.**
- **Hulle wil graag onafhanklik en hul eiebaas wees.**
- **Hulle wil die vryheid hê om volgens hul eie standaarde en beginsels te leef.**

3. Beskryf enige agt eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur. (8)
- **Gewillig om risiko's te neem**
 - **Is geesdriftig en geniet wat hulle doen, is optimisties**
 - **Het 'n sterk verantwoordelikebesef**
 - **Is prakties**
 - **Is oorspronklik en kreatief**
 - **Gee aandag aan detail**
 - **Hou nie daarvan om beperk te word nie**
 - **Gaan tot aksie oor en wag nie vir goed om te gebeur nie**
 - **Is gewilig om meer as huldeel te doen om 'n taak af te handel**
 - **Is geduldig en leer uit hul foute**
 - **(Enige 8)**
4. Beskryf enige agt redes waarom entrepreneurs soms misluk. (8)
- **Hulle doen nie genoeg marknavorsing nie**
 - **Hulle fokus nie altyd op 'n bepaalde marksegment nie**
 - **Hulle het dikwels 'n gebrek aan ondervinding**
 - **Hulle doen nie doeltreffende bestuursbeplanning nie en stel 'n ie formele doelwitte of riglyne om doelwitte te bereik nie**
 - **Hulle rekordhouding van die onderneming se aktiwiteite is nie doeltreffend nie.**
 - **Daar is 'n gebrek aan administratiewe vaardighede wat mag veroorsaak dat daar nie beheer is oor winste, die gebruik van krediet, voorrade of di daaglikse bedryfsfunksies van die onderneming nie**
 - **Daar is nie voldoende finansiële bestuur nie, onderneming word van dag tot dag bestuur sonder kontantvloei-voortuitskating en uitgawebegrotings**
 - **Problem kom gewoonlik eers na vore as dit te laat isvir oplossings**
 - **Entrepreneurs is soms onwillig om te erken dat die onderneming nie ekonomies lewensvatbaar is nie.**
 - **(Enige 8)**
5. Verduidelik waarom entrepreneurs belangrik is vir die Suid-Afrikaanse ekenomie en samelewing. (4)
- **Maak 'n positiewe bydra tot die land se ekonomiese en sosiale ontwikkeling**
 - **Skep nuwe produkte en dienste, en in die proses skep hulle nuwe markte**
 - **Nuwe besighede lei gewoonlik tot werkskepping wat op sy beurt ekonomie stimuleer**
 - **Op sosiale vlak bemagtig entrepreneurskap die land se burgers, kweek nuwe idees en laat mense anders oor iets dink.**

Totaal: [36]